# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## GRAAD 10

## NOVEMBER-EKSAMEN

## Vraestel 1

**Punte: 80** **Tyd: 2 ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

   **AFDELING A: LEESBEGRIP (30 PUNTE)**
   **AFDELING B: OPSOMMING (10 PUNTE)**
   **AFDELING C: TAAL (40 PUNTE)**

2. **Beantwoord AL die vrae.**

3. **Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.**

4. **Trek ’n lyn na elke Afdeling.**

5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Laat 'n reël oop na elke antwoord.**

7. **Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.**

8. **Voorgestelde tye:**

   **AFDELING A: 50 minute**
   **AFDELING B: 30 minute**
   **AFDELING C: 40 minute**

9. **Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING A – LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

Lees die volgende artikel deur en beantwoord al die vrae wat volg.

## Gee jou kind troeteldier lewenslesse

"Moet nie impulsief wees wanneer jy 'n troeteldier vir jou kind koop nie en doen jou huiswerk ", waarsku dr. Nicolene Swanepoel, veearts en senior dosent in dieregedrag by die universiteit van Pretoria.

"Honde leef meestal langer as tien jaar. Koop jy die verkeerde ene, sit jy jare met 'n probleemdier." Maar sy glo tog 'n troeteldier is belangrik vir 'n kind se ontwikkeling.

**Hoe belangrik?**



Dr. Quixi Sonntag, 'n veearts wat op die televisiekanaal KykNet 'n program oor diere aanbied, glo kinders wat met diere grootword, het gewoonlik beter sosiale vaardighede, 'n goeie selfbeeld en meer selfvertroue.

"As hul ouers hulle boonop leer om hul diere goed te versorg, ontwikkel hulle 'n respek en deernis vir diere," sê sy.

Jan van Zyl, 'n sielkundige van Pretoria, sê dat diere 'n kind ook kan leer van die dood, sy verantwoordelikheid kan ontwikkel en hom minder selfsugtig kan maak.

**Beplanning**
Maar hoe weet mens of jy die regte troeteldier kry? Waar vind mens uit hoe om die troeteldier te versorg, hoeveel dit gaan kos en of dit by julle gesin gaan inpas?

"Vra rond, gaan biblioteek toe, soek op die internet, koop 'n troeteldiertydskrif, gaan na 'n troeteldierskou of skakel die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging vir 'n verwysing na 'n veearts met wie jy kan praat." sê Nicolene.

**Sy raai ouers aan om seker te maak van die volgende:**
Spaar jouself baie tyd en geld en laat steriliseer of kastreer die dier betyds.

Bespreek die koop van die troeteldier met die hele gesin. Besluit wie die mis op die grasperk gaan optel, wie gaan die dier skoonhou en hoeveel die dier gaan kos.


Dink mooi na of jul blyplek groot genoeg vir 'n groot hond is en of julle eerder 'n kleiner hondjie vir julle kleiner erf moet kry.
Besluit ook of julle die tyd sal hê om gereeld daarmee te gaan stap of speel.

**Nog wenke**
Die ouers moet in die begin die voorbeeld stel met die dier se versorging en dan die take aan die kind oordra. Maar ouers moet steeds die finale verantwoordelikheid dra.

Moenie 'n voorskoolse kind alleen laat met enige dier nie. Die kind kan dalk net die dier seermaak en gebyt word.

Neem jou kind se persoonlikheid in ag. Moenie 'n bohaai opskop as jou rowwe seuntjie 'n slang wil huis toe bring nie.





Maar verseker hom dis net moontlik as hy jou kan vertel wat die versorging van so 'n troeteldier is; as hy weet hoe om die reptiel se hok te versorg en as hy weet wat hy vakansies daarmee gaan maak.

As julle 'n swembad en 'n hond het, hou die hond weg daarvan tot hy ten minste vier maande oud is.
Daarna móét die hond op 'n spelerige manier geleer word om dwarsoor die swembad te swem en op die regte (lae) trappie uit te klim.



**Kies reg**
Marieta Loots, 'n diere-verpleegster, waarsku teen die gewoonte van baie mense om 'n troeteldier wat eksoties, wild of anders as die gewone is, mak te maak en te wil aanhou.



Veral marmosetapies was die afgelope paar jaar op groot skaal ingevoer en geadverteer.

"Hulle dieet is gespesialiseerd, hul sosiale behoeftes is baie kompleks en hulle maak nie goeie troeteldiere vir enige kind nie," sê sy.







Ook wilde diere soos meerkatte, eekhorinkies en enige aapsoort moet nie as troeteldiere gekoop te word nie, sê Marieta. "Hulle is nie gemaak om mak aangehou te word nie en kan maklik byt," sê sy.

**Soorte diere**
Daar is sekere riglyne wat in ag geneem moet word met die aanskaf van verskillende soort troeteldiere. Die volgende, sê Marieta, is belangrik:

**Katte:**



Gee die regte gebalanseerde soort katkos, versorg hul pelse, ontwurm, ontvlooi en ent hulle gereeld in.

**Honde:**



Koop hondekos by jou veearts, laat hom genoeg oefening kry,
laat hom jaarliks inent, borsel hom gereeld en hou hom vry van vlooie en bosluise.


Laat die kinders help met die optel van die hondemis op die grasperk en om die dier skoon te hou.

**Klein voëltjies:**




'n Kanarie of kokketiel se hok moet higiënies gehou word. Gee die regte kos en moenie die hok in die son vergeet nie. Kinders kan maklik help met hulle versorging.

**Groot voëls**:




Hulle is duur en as jy wil hê hulle moet praat, moet jy gewoonlik baie tyd daaraan spandeer.
Gee die regte kos en pas op vir mense wat hulle net altyd lekkernye wil gee. Hulle kan klein kindertjies seer byt.

**Knaagdiere**:




Hamsters, rotjies en muise maak goeie troeteldiere vir kinders. Gee genoeg aandag sodat hulle mak kan bly. Hul hokke moet higiënies gehou word om siektes te voorkom.

**Vissies**:



Sorg dat hul bak groot genoeg is. Leer die kind om nie te veel kos te gee nie en te help om die bak skoon te hou.

**Kieme**

Leer jou kinders die goeie gewoonte om gereeld hande te was en sorg dat hulle troeteldiere se hokke higiënies bly om gevaarlike kieme tot 'n minimum te beperk, aldus Nicolene.

"Maar, kinders wat saam met 'n bietjie dierekieme grootword, sal 'n natuurlike weerstand opbou," sê sy.

**Bronne:** Die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging: (012) 468- 2090
Animal Behaviour Consultants: (011) 969-4467

**Vrae:**

1.1 Wat, volgens die titel, kan kinders by troeteldiere leer.
Skryf net EEN woord as antwoord neer. [1]

1.2 Die volgende stelling is WAAR. Bewys dit deur 'n frase van 4 opeenvolgende woorde aan te haal.

Dr.Nicolene Swanepoel het twee beroepe. [1]

1.3 Kies die korrekte antwoord en skryf net die letter as antwoord neer.

Wanneer jy "impulsief" 'n troeteldier koop, dan

A. koop jy 'n dier sonder enige beplanning
B. soek jy die goedkoopste troeteldier
C. kies jy net diere van oorsese lande
D. koop jy geen troeteldier nie. [1]

1.4 Watter voordele, volgens Jan van Zyl, hou troeteldiere vir kinders in?
Noem net een voordeel. [1]

1.5 Noem een organisasie wat 'n mens kan help met die keuse van 'n gepaste troeteldier. [1]

1.6 Wat kan ouers, volgens dr. Nicolene Swanepoel, doen om baie tyd en en geld te spaar? [1]

1.7 Waarom kan dit gevaarlik vir 'n voorskoolse kind wees as hy alleen by 'n troeteldier is? [1]

1.8 Watter reptiel kan 'n seuntjie huis toe bring wat die ma groot kan laat skrik? [1]

1.9 Wat móét swembadeienaars hulle honde leer doen? [1]

1.10 Noem 2 diersoorte, volgens Marita Loots, wat nie as troeteldiere aangehou behoort te word nie. [2]

1.11 Noem een ooreenkoms tussen die versorging van katte en honde. [1]

1.12 Kies uit KOLOM B die inligting wat by KOLOM A pas.
Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.12.1 Nicolene Swanepoel | A Leer die kinders om nie te veel kos vir die vissies te gee nie. |
| 1.12.2 Jan van Zyl | B Ouers kan kinders liefde en deernis teenoor diere aanleer. |
| 1.12.3 Marieta Loots | C Troeteldiere kan kinders leer van die dood. |
| | D Dierekieme help dat 'n natuurlike weerstand by kinders opbou word. |

[3]

1.13 Watter WOORD sê vir jou dat jy goeie katkos vir jou kat moet gee. [1]

1.14 Watter twee goed kry ons op honde wat hulle laat krap en siek kan maak? [2]

1.15 Die volgende stelling is WAAR. Haal 'n sin uit die teks aan om dit te motiveer.

Klein voëltjies se hokke moet netjies en skoon gehou word. [1]


1.16 Watter WOORD sê vir jou dat groot voëls nie goedkoop is nie. [1]

1.17 Noem TWEE diere wat veilige en maklike troeteldiere vir kinders kan wees. [2]

1.18 Hoe kan ouers voorkom dat hulle kinders gevaarlike kieme by hulle troeteldiere optel?
Noem een ding [1]

1.19 Wat is die nommer van die veeartsvereniging wat jy kan bel vir meer inligting? [1]

**TEKS B: Strokiesprent**




1.20 Hoe kan ons aan die man se gesig in die eerste raampie sien dat hy gelukkig is? [1]

1.21 Wie of wat is die “hoofpyn”? [1]

1.22 Hoe kan ons sien dat Garfield hard praat?
Gee 2 redes. [2]

1.23 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

Die man in die tweede raampie dink <u>die koeël is deur die kerk</u>.

Die onderstreepte woorde is ‘n idioom wat beteken dat die man

A. niks aan die situasie kan doen nie.
B. baie kerk toe gaan.
C. graag hoofpynpille drink.
D. baie ongeskik met die kat is. [1]

1.24 Kies die korrekte antwoord tussen die hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Garfield is die man en sy gesin se [eienaar, troeteldier, kuiergas]. [1]

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

### TEKS C – Goeie maniere

In die artikel word **GOEIE MANIERE** bespreek. Lees die artikel aandagtig deur. Voer dan die instruksies hieronder uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die artikel in SEWE sinne op.
2. Skryf die feite PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die regte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**Goeie maniere**

Dis baie onbeskof om laat te kom vir ’n afspraak – al is dit net die afspraak in ’n klaskamer met ’n onderwyser. As jy byvoorbeeld laat gaan wees vir ’n afspraak met ’n dokter, moet jy 48 uur voor die tyd laat weet jy kan nie kom nie.

As jy ’n vegetariër is, moet jy die gasvrou voor ’n maaltyd laat weet dat jy nie vleis eet nie. Vegetariërs moet ook nie aan tafel sit en vir almal laat sleg voel dat hulle nie vleis eet nie. Moenie hardop sê:“Ek eet niks met ’n gesig nie!”

Moet ook nooit jou pet of ‘n hoed op jou kop hou terwyl jy eet nie.Dis ook swak maniere om sonder jou hemp aan tafel te kom sit.

As jy ’n boek geleen het, moet jy dit teruggee – vir die persoon wat dit vir jou geleen het of vir die biblioteek. Alles wat jy leen, moet teruggegee word.

Leer om nie te skinder nie. As iemand iets leliks van iemand anders sê, moet jy nie saam skinder nie, maar praat sommer uit die bloute van iets anders sodat die skinderbek die boodskap kry.

Natuurlik is een van die beste maniere wat jy kan aanleer om stil te bly terwyl iemand anders praat.

Dis uiters ongeskik om te praat, aan die slaap te raak of op jou selfoon te wees terwyl iemand iets belangriks probeer verduidelik, soos in die klaskamer.

[**10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

**AFDELING C: TAALWERK**

**VRAAG 3**

**TEKS D - Advertensie**

Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die taalvrae wat volg.




3.1 Skryf net die korrekte **VOORNAAMWOORD** neer.

Frank Opperman sê dat ....... in Potchefstroom gaan wees. [1]

3.2 Kies die korrekte **VOORSETSEL** en skryf dit neer.

Die konsert begin [by / om / te] agtuur in die aand. [1]

3.3 Skryf die korrekte **TRAPPE VAN VERGELYKING** van die woord tussen die hakies neer.

Hierdie kerrie en rys is die [goed] in die land. [1]

3.4 Voltooi die volgende **VERGELYKING**.

My boetie gaan na die konsert, want hy is so nuuskierig soos 'n ....... [1]

3.5 Skryf die onderstreepte **AFKORTING** uit.

Daar is o.a. kerrie en rys te koop. [1]

3.6 Gee **EEN WOORD** vir die woorde tussen die hakies.

As jy 'n hoofpyn kry, kan jy na die [plek waar medisyne en pille verkoop word] gaan. [1]

3.7 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Die mense sluit die vensters en die deure. [1]

3.8 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Die vrou sal die konsertkaartjies vandag aanlyn koop. [1]

3.9 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Frank vra vir sy vrou: " Het jy die kostuums gebring?" [1]

3.10 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Frank is 'n kunstenaar. Hy tree by kunsfeeste op. [daarom] [1]


**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**[Raampie 1]** **[Raampie 2]** **[Raampie 3]**



4.1 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Meneer het ‘n swart das om sy nek. [1]

4.2 Hoe kan ons in raampie 2 <u>sien</u> dat Meneer op Neelsie skree? [1]

4.3 Gee net die korrekte **AFKORTING** vir die woorde tussen die hakies.

Meneer gaan Neelsie se ouers **in verband met** Neelsie se gedrag bel. [1]

4.4 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Neelsie vra: “Is dit ‘n Wiskundeboek?” [1]

4.5 Voltooi die volgende **VERGELYKING**. Skryf net die nommer en antwoord.

Neelsie is nou so doof soos ‘n ........ [1]

4.6 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Die onderwysers het elke dag die huiswerk gemerk. [1]

4.7 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Meneer het baie hare op sy kop. [1]

4.8 Gee die **TEENOORGESTELDE GESLAG** van die onderstreepte woord.

Meneer se <u>skoonvader</u> is ook in die onderwys. [1]

4.9 Skryf die korrekte **TRAPPE VAN VERGELYKING** van die woord tussen die hakies neer.

Meneer is die [trots] op die ander kinders in die klas. [1]

4.10 Skryf die onderstreepte woord se **VERKLEINING** neer.

Neelsie dink aan die klein <u>boom</u> in die tuin. [1]

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

**TEKS F**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**<u>GOEIE MANIERE</u>**

(5.1) "Goeie maniere is belangrik," sê Ouma. (5.2) Jou ouma is definitief reg.
Het jy al ooit soos 'n (5.3) aap gevoel? (5.4) Jy is laat vir 'n partytjie.
(5.5)Goeie maniere kan baie belangrik wees. (5.6). Die ander gaste het nog goeie maniere gehad.
(5.7)Die gasvrou ,vriendelik, verwelkom, die gaste, het. (5.8) 'n Gasvrou verwelkom altyd sjokolade.
(5.9) En onthou: al is die kos nie smaaklik nie, moenie <u>met lang tande eet</u> nie!
Moet asseblief ook nie die gasvrou vra of jy jou klein (5.10) hond kan saambring nie! Die ander groot fout is om heeltyd te vertel dat jy jou ouma se gunsteling (5.11) kleinseun is.
Mense sal jou ook nie weer nooi as jy kla dat die lepels nie (5.12) baie skoon is nie.
(5.13) Dit is die beste om dadelik te bel. Jy kan om verskoning vra.
(5.14) die lekkerste kos amerikaanse kos is hamburgers tjips steak

5.1 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE**.

Ouma sê:"Goeie maniere is belangrik." [1]

5.2 **Stel die vraag.** Die onderstreepte gedeelte moet die antwoord wees.

<u>Jou ouma</u> is definitief reg. [1]

5.3 Gee die **VERKLEININGSVORM** van die onderstreepte woord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Het jy al ooit soos 'n <u>aap</u> gevoel? [1]

5.4 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Jy is laat vir 'n partytjie. [1]

5.5 Skryf die sin oor in die **VERLEDE TYD**.

Goeie maniere kan baie deure vir jou oopmaak. [1]

5.6 Skryf die sin oor in die **ONTKENNENDE VORM**.

Die ander gaste het nog goeie maniere gehad. [1]

5.7 Korrigeer die **WOORDORDE** van die volgende sin.

Die gasvrou ,vriendelik, verwelkom, die gaste, het [1]

5.8 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM**.

ʼn Gasvrou verwelkom altyd sjokolade. [1]

5.9 Kies die antwoord wat die volgende **IDIOOM** korrek voltooi.
Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

Wanneer iemand "met lang tande eet", is die kos

A. gewoonlik nie baie smaaklik nie.
B. heerlik en geurig.
C. uit die boonste rakke.
D. geniet die persoon die kos. [1]

5.10 Gee die **MEERVOUD** van die onderstreepte woord.
Skryf net die letter en die antwoord neer.

Moet assebief nie vir die gasvrou vra of jy al jou <u>hond</u> kan saambring nie! [1]

5.11 Gee die **TEENOORGESTELDE GESLAG** van die onderstreepte woord.
Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die ander groot fout is om heeltyd te vertel dat jy jou ouma se gunsteling <u>kleinseun</u> is. [1]

5.12 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woorde tussen die hakies.

Mense sal jou ook nie weer nooi as jy kla dat die lepels nie [baie skoon] is nie. [1]

5.13 Verbind die volgende twee sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Dit is die beste om dadelik te bel. Jy kan jouself verskoon. (sodat) [1]

5.14 Verbeter die **LEESTEKENS** in die volgende sin en skryf dit korrek oor.


die lekkerste kos amerikaanse kos is hamburgers tjips steak [1]

**[14]**

**VRAAG 6: PRENT**

**TEKS G**

- Die volgende vrae is op die prentjie gebaseer
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



6.1 Kies die korrekte woord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Hierdie tiener doen skoolwerk op ‘n [sleutelbord / skootrekenaar] [1]

6.2 Vul die korrekte **VOORSETSEL** in. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Die oorfone lê ....... die vloer naby die stoel. [1]

6.3 Waarom, dink jy, is daar ‘n lampie op die studeertafel? [1]

6.4 **Stel die vraag**. Die onderstreepte gedeelte moet die antwoord wees.

Daar is twee kussings **op die bed**. [1]

6.5 Hoekom kan ons aanneem dat hierdie tiener 'n sportsoort beoefen? [1]

6.6 Gee **EEN WOORD** vir die woorde tussen die hakies.

Die tiener wat in hierdie kamer bly, is in die sitkamer besig om die [geld wat hy as kelner gekry het] te tel. [1]

**[6]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL : 80**